

Nomades Roete-Terugvoer Tepelkopstaproete

17-19 Februarie 2017.

Ongeveer 40km anderkant Bethlehem in die rigting van Fouriesburg, naby die gehuggie of plekkie, Slabberts. Plaas : S28 26 31.5 E28 04 03.2 (G M S.s)



2017/03/29a-MS

Die stappers was Wilna Moolman, Anna-Marie Lotter, Isabel Baatsen, Phrina Oosthuizen, Elsabe During, Jannes van Ryssen, Corrie van Rensburg, Magda Grobler, Erna Lubbinge, Daphne du Preez, Norma Grotius, terwyl Irma van Ryssen as 'n nie-stapper saamgegaan het.

Jannes skryf vir ons die volgende verslag, baie dankie.



" Die grondpad vanaf Slabbert was in 'n heel skaflike toestand. Uit die diep motorspore in die kleigrond, veral in die plaaspad naby Tepelkop, was dit egter duidelik dat vassit 'n mens se voorland gaan wees as die pad nat is. Alhoewel die weer dreigende was, het dit nie gereën nie, en was die dae heerlike koel vir stap.

Die plaas, Tepelkop, is geleë aan die suid-oostelike hang van die Wittebergreeks en die staproetes loop oor verskeie plase. Die omgewing word gekenmerk met



die grasvelde en lande in die vlaktes tussen die berge, en die bergreekse met die tipiese kegelvormige koppe waarvan Tepelkop die mees



simmetriese is. Die omgewing het heel duidelik hierdie seisoen goed reën gehad, want die wêreld was pragtig groen. Die blokke mielielande het reg laat geskiet aan die reklameborde wat 'n mens

dikwels sien: "Dis mos mielies", en na 'n bietjie onderhandeling het 'n paar dames gesorg dat ons almal aan groenmielies kon smul.

Alles dui daarop dat Tepelkopplaas reeds lank bewoon word: Daar is massiewe bloekom-, treurwilg- en populierbome. Die geboue is almal met sandsteenblokke gebou, tipies Oos-Vrystaats. In 'n baie verwaarloose begraafplaas is die graf van Cornelis Frederik Heijdenreich wat in 1918 oorlede is, toevallig die jaar van die groot griep.

Die akkommodasie was uitstekend. Die stappersverblyf wat as 'n "barn" beskryf word, bestaan uit twee kamers elk met vyf stappelbeddens en 'n badkamer met warmwater. Die kombuis was tenvolte toegerus: - warm water, elektrisiteit, yskas, oond, mikrogolfoond, eetgerei, ens., en langsaan 'n eetkamer-gedeelte met 'n groot tafel en stoele. Die weer was aangenaam en ons groep kon buite kuier en elke aand braai en 'n houtvuur aansteek.

Die eerste dag se roete van 12 km vat jou hoog op teen Tepelkop se kant. Dit is 'n steil klim met heelwat klipplate



wat baie glad was met water wat steeds na die baie reën uitgesyfer het. Vyf stappers het tot by die rotspiek van die kop geklim. Die uitsig was pragtig. Hoog teen die kop groei daar 'n interessante vetplant, die vingerpol, maar baie van hulle was dood – moontlik as gevolg van die droogte van die afgelope jare. 'n Goedgemerkte roete loop verder aan teen die hange van die Witteberg hoewel uitgetrapte beesvoetpaadjies soms gelei tot verwarring oor die regte roete. Verder aan draai die roete terug, en loop laer af onder interessante sandsteen rots-oorhange waaruit water drup en 'n biesie-agtige gras en varings uit die rotse groei. Die laaste sowat vyf km was in die vlakte langs groen graslande waar beeste en skape met Tepelkop as agtergrond gewei het. Twee bulkende bulle het bygedra om 'n plaasatmosfeer te skep.

Weens die dreigende reënwolke in die lug en die moontlikheid van 'n modderpad het Wilna besluit om met haar lae sedanmotor liever vroeg Sondagoggend huiswaarts te keer. Nege van ons het toe die 10 km van die tweede dag gestap. Enkele druppels het geval, maar die reën het ons kans gegee om die stapp klaar te maak. Die roete was baie makliker as die van die eerste dag, maar steeds baie mooi. Teen die middel van die dag kon ons oppak en terugkeer na die "beskawing". Volgens die nuus is ons net betyds daar weg, want hewige storms het van die Sondagaand af Bethlehem en omgewing getref.

Tepelkop is 'n pragtige roete met goeie, gerieflike verblyf-fasiliteite. "

Nomades het bespreek by Jacana. Wilna het die fotos geneem. Baie dankie.



Finasies

Kostes: Ons vra R310 per lid en R340 per nie-lid vir die naweek se oornagstap.

Inkomstes:	:	R3750
Stap & Plus fooie : (R310x11)+(R340x1)	:	R3750
Uitgawes:	:	R3715.00
Stapfooi 12 persone oornag (R150pppn)	:	R3600.00
Bespreekingsfooi Jacana(R55)	:	R55.00
Brikette(2 sakke@R25/sak)+Aanstekers(R10)	:	R60.00
Projek verlies	:	-R35.00



Vriendelike stapgroete

Marius Stander

MariusStanderPTA@gmail.com

Sien gerus ook

WWW.NOMADES.CO.ZA

vir vorige stapverslae en roeteterugvoer en ook Nomades se jaarprogramme, kontak inligting, bankinfo en meer.



18/02/2017 10:51

18/02/2017 12:30